

**Vrydag 27 Mei**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:16-18 (AFR83)**

**Geeskrag ... lewenslange leefkrag!**

Die Paulusman met opgewondenheid aan die woord. Geïnspireerd met sêgoed oor die Heilige Gees. Die Gees wat in 'n mensekind se diepste sielewese alles kan en wil verander. Met Galasiërs 5:16-18 se woorde in bevelsvorm ingelei, en Esegïel 36:25-28 in gedagte:

“Nuwe harte gee’k aan julle,  
en Ek gee ’n nuwe gees;  
’k sal die hart van klip verwyder,  
aan jul gee ’n hart van vlees ...”

Die altyd-werklikheid van twee kragte: die vlees en die Gees. Die vleeslewe ... die sondige lewe; die in stryd wees met God se wil en wet; die spanning tussen Gees en vlees; die lynreg teenoorstaande tussen wat die Gees wil en die mens wil. Die twee kragte in spanning met mekaar ... of die een of die ander.

En Paulus se opdrag aan die Galasiërs én aan gelowiges om tot in vandag se tyd te hoor: “Laat jón lewe deur die Gees van God beheers word!”

Allermooi, gedagtig daaraan dat die woord “beheers” ook vertaal kan word met “wandel”. Stap die pad van die lewe saam met, onder leiding van die Gees. Moenie alleen probeer koers inslaan nie; moenie alleen afdraai nie ... die pad lei heel moontlik na nêrens! Stap saam ... geïnspireerd en nederig oortuig van die heerskappy van die Heilige Gees oor en in ’n mens se lewe. Aan die Heilige Gees oorgegee en elke idee van eie sterkte en krag dood verklaar. Elke dag al hoe meer van vleeslik na geestelik te vorder en te weet dat diegene wat deur die Gees gelei word, kinders van God is.

Wandel deur die Gees. Nie alleen nie. Nooit nie. Geesvervuld padlangs totdat die Here kom. Dit is die lewe waartoe God se kind geroep word en waarvoor Christus ons gered het, en daarom is Paulus se Galasiërsbevel om ’n mens se lewe deur die Gees te laat beheers, moontlik. Nuut en anders en tog alles behalwe volmaak. ’n Mens se wil nie meer volkome verdraaid nie, maar daarop toegespits om God te behaag. Om oppad deur die lewe te pleit:

“Gee dat, gehoorsaam en getrou,  
ons altyd op u Woord sal bou.

O heilige Drie-enig-heid,  
aan U die lof in ewigheid ...” (Lied 155:3)

Om een dag deur die Gees te lewe is, meer werd as om duisend na die vlees te lewe!

*Sing: Psalm 119-1:25*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*